

# Daar is nog tyd oor

Teks: Jesaja 55: 1 - 13  
Teksvers: Jesaja 55: 6

## 1. Inleiding

Geliefdes vanoggend trek ons al by die 5de Sondag vir 2021, en steeds kon ons nie fisies bymekaar kom in die erediens hierdie jaar nie. Want dinge selfs nog moeiliker maak, is die feit dat die pandemie ook die afgelope tyd onder ons broers en susters hier in die gemeente begin verwoesting saai het. Ons het hierdie week die pyn en hartseer beleef van hierdie moeilike omstandighede. Al hierdie dinge laat 'n mens wonder of die einde dan nou naby is, en wat dan?

Maar vanoggend wil ons juis op die geloofsake fokus, ja en dan veral geloofsake in die eind tye. Om dit te doen, bestudeer ons vandag Jesaja 55. Want Jesaja 55 is by uitstek 'n hoofstuk oor die kerk van die Here. Tussen hoofstuk 54 en 56, wat gaan oor die belofte herstel van die volk en die sabbatsonderhouding tref ons hoofstuk 55 aan. En uit die elemente in hoofstuk 55 is dit duidelik dat ons met kerk besig is.

Dit begin sommer al met die nagmaal elemente, naamlik ewige brood in vers 1. Dan in vers 3 tot 5 sien ons woordverkonding wat selfs vreemde nasies van ver aantrek. Ook na ons teksvers tref ons gedagtes soos die bekering van die kwaaddoener, die heiligheid van die Here en die impak van die Woord van die Here aan. Duidelik alles elemente wat ons aan die gemeenskap van die gelowiges, die kerk van die Here koppel.

Maar dan die vraag in vandag se tyd en konteks, is dit nie te laat vir die kerk van die Here nie. Gaan die kerk werklik hierdie pandemie kan oorleef. Want selfs al oorleef die lidmate fisies hierdie pandemie deur aan die lewe te bly, sal ons weer normaal in 'n kerkgebou saam eredienste

kan hou, en ook die sakramente saam gebruik?

## 2. Om die Here te soek

Ons teksvers vandag begin met iets wat vir die Gereformeerde gelowige, met sy sterk Calvinistiese onderbou vreemd is. Gaan soek die Here. Dit klink mos nou al te armiaans. Of ek uit my en op my eie krag tot die Here nader. Maar dit is nie gevoel van die ondersteuning van dwaalleer wat hier in kom nie. Want dit voel ook sommer of hier op die pad van die Agnostiek gegaan word. Dit is die idee dat God wel bestaan, maar sover van die mense verwyder is, dat hy/sy Hom nooit kan ken nie.

Maar wat bedoel Jesaja eintlik met soek die Here? Iets hiervan word al aan ons geopenbaar in die nuwe vertaling. Ons teksvers word in die Nuwe Vertaling vertaal met "Vra na die wil van die Here". Sien God was en is nooit weg nie, en met respek gesê, speel Hy ook nie wegkruipertjie nie. Nee, dit is eerder die mens wat stelselmatig wegdryf van die Here. Dit is die mens wat die genadige Verlossing wat hy/sy onverdiend ontvang begin misbruik.

Dit is ook juis die opdrag hier in Jesaja 55 aan 'n wederstrewige volk. 'n Volk wat ondanks die beproewinge wat hulle deurgaans nie die Here soek nie. Want om die Here te soek in die konteks van die Bybel, beteken om moeite te doen om Sy wil te leer ken. Om die Woord te bestudeer. Maar veral om die Here in 'n persoonlike verhouding te leer ken.

'n Voorbeeld hiervan is die feit dat die grondteks dieselfde woord gebruik word in 2 Samuel 11:3 om Dawid se optrede te beskryf nadat hy vir Batseba gesien het. David stel ondersoek na haar in. Hy gebruik al die hulpbronne tot sy beskikking om presies uit te vind wie sy is. Ongelukkig volg die sonde hierop, maar

nie te min beskryf dit vir ons die proses van soek deeglik.

Dus beteken die opdrag in ons teksvers aan ons ook om al die hulpbronne tot ons beskikking werklik in te span om die Here beter te leer ken. Selfs al weet ons dat ons verlos is suiwer op grond van die Here se genade alleen.

### 3. In genade tyd

Maar die opdrag in ons teksvers is ook 'n bepaalde begrensing. Daar is 'n definitiewe punt waar die soeke van die Here verby sal wees. Waarna dit eenvoudig nie meer moontlik sal wees nie. En dit sal nie meer moontlik wees nie omdat die Here nie meer te vinde sal wees nie. Met ander woorde dan sal die Here heeltemal weg wees. Dit is iets wat vir ons wat in die alomteenwoordigheid van die Here glo, nog 'n moeilike konsep.

Maar dan is dit belangrik om hierdie tydsverwysing mooi te verstaan. Daar kom 'n tyd wanneer hierdie soeke, hierdie verhouding bou, hierdie strewe om die wil van die Here uit te leef nie meer moontlik sal wees nie. Want wanneer hierdie bedeling verby is, sal daar baie mense na die ewige verdoemenis gaan. In die Hel is die Here nie teenwoordig nie, dit is per implikasie die definisie van Hel. En in die Hel sal die Here nie gesoek kan word nie.

En dit is hier waar hierdie teksgedeelte juis so aktueel vir vandag word. In die moeilike omstadighede waarin ons vandag verkeer is daar 'n intense verlange na die volgende bedeling. Want soos die verskeie kere in die geskiedenis voel die mens dat enige iets beter as die hier en nou moet wees.

Maar waarom is dit nog nie die einde nie? Die skrif self gee aan ons ook hierdie antwoord in 2 Petrus 3:9, “<sup>9</sup>Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.” In genade is hierdie genade tyd waarin die Here gevind kan word nie

kort nie. Dit strek immers die totale leeftyd van elkeen van ons hier op aarde. Tog weet ons nie wanneer die einde van hierdie leeftyd vir ons is nie. Daarom is moet ons juis vandag besig wees om die Here te soek.

### 4. Die nabyheid van die Here

Die laaste saak waarop ons fokus is die nabyheid van die Here. Want dit is immers juis 'n saak wat aangeraak word in ons teksvers, daar staan terwyl Hy nog naby is. Dit is hierin waar ons die groot genade van die Here, geopenbaar sien. Van die begin van die skepping die Here naby die mens. Die sondeval bring skeiding en verwydering tussen die Here en die mens in Genesis 3, soos die natuurlik nog vandag ook steeds doen.

Maar ondanks die sonde en die rug wat die mensdom op die Here draai, is Hy steeds naby. Trouens Hy word so naby, dat Hy Sy ennigebore Seun stuur om mens te word, en hier op aarde te kom lewe as mens. 'n Sondelose lewe om uiteindelik ook sterwe in die plek van ons sondes, sodat ons weer naby die Here kan leef. En selfs vir ons hier vandag is die Here steeds naby. Hy is naby in die kragtige werking van die Heilige wat die waarheid voortdurend binne ons getuig.

En daarom het ons die voorreg om die Here aan te roep ook vandag. Vanaf die vroegste tye behels die aanroeping van die Here, geloofsbeoefening. Dit is eredienste, gebed, skrifstudie ens. Dinge wat die mens doen om meer en meer bewys te word van die genadige nabyheid van die Here. Om werklik stil te word in die nabyheid van die Here. En alhoewel ons vandag steeds die beperking van inperking, in ons geloofslewe ervaar, moet ons steeds hierdie opdrag van Jesaja gehoorsaam. Want die tyd vir hierdie opdrag is nog nie verby nie. Ons leef nog in afwagting op die wederkoms van die Here. So dus is daar nog tyd om elke dag meer en meer die Here te soek, self te midde van 'n pandemie.

## 5. Slot

Ons kan afsluit deur terug te keer na die vraag in die begin: Is dit te laat vir die kerk van die Here? Gaan die kerk van die Here die pandemie en gevolge daarvan oorleef? As ons terug kyk op hierdie preek is die antwoord 'n ontwyfelbare ja, die kerke sal die pandemie en sy gevolge oorleef. Want dit is nog nie te laat vir die kerk van die Here nie. Ons leef nog in die genade tyd wat Jesaja vir ons beskryf, die tyd wanneer die Here te vinde is, wanneer Hy naby is.

En dit is ook die intieme persoonlike boodskap aan elkeen van ons vanoggend. Solank daar nog lewe is, is daar hoop. Solank ek nog asemhaal kan ek die Here soek, want dan kan ek steeds bid. Vir baie mense in

hierdie pandemie tyd, kom asemhaling nie meer so natuurlik nie. Maar wanneer jy nog aan die lewe is, is jy nog in die genade tyd van die Here. En is die opdrag om hom met alles in jou te soek. Uiteindelik is dit net by Hom wat ons die krag sal kry om deur hierdie pandemie te kom.

En dit is laastens ook die boodskap aan die kerk. Die gelowigsgemeenskap het nog 'n roeping en opdrag. Iets wat eers vervul sal wees aan die einde van hierdie genade tyd. Daarom sal die kerk voortbestaan. Maar te same met hierdie voortbestaan van die kerk, lê daar natuurlik ook vir ons nog werk, koningrykswerk want die tyd is nog nie verby nie.

Amen